Marisa Mouton
Departement Algemene Literatuurwetenskap, UOVS

TYD AS KARAKTERISERINGSMIDDEL IN *DIE AMBASSADEUR* VAN ANDRÉ P. BRINK*

As algemene aanname kan gestel word dat alle karakters in die tyd (en die ruimte) bestaan. 'n Bewustheid van die tyd waarin hulle bestaan en leef, is egter nie altyd by alle karakters aanwesig nie.

In *Die Ambassadeur* kry ons wel 'n besondere bewustheid van die tyd by die karakters — tot so 'n mate dat ons selfs die drie hoofkarakters, die Ambassadeur, Keyter en Nicolette, in terme van die tyd kan karakteriseer. Elk van die genoemde karakters het 'n eie bepaalde tydsbeskouing, wat dan tegelykertyd ook sy/haar ervaring van die gebeure in die tyd, met ander woorde sy/haar tydsbelewing beïnvloed. Nie alleenlik sal elk van hierdie drie besondere tydsbeskouings van naderby bekyk word nie, maar daar sal ook nagegaan word of die verskillende uitbeeldings van hierdie drie tydsbeskouings by die drie karakters pas.

(a) Die Ambassadeur

Ons leer die Ambassadeur ken as die karakter wat hom gevange voel in die gewone tydsverloop. Hy kom tot die besef dat sy lewe in 'n dodelike geroetineerdheid verval het. Daarom dat Nicolette sy omgewing kan vergelyk met 'n "tronk" (p. 76); hyself praat van sy "gereglementeerde bestaan" (p. 80), sy "gereëlde lewe" (p. 82) en is bewus van die rol wat "die patroon, die reëlmaat, die voorgeskrewe handeling, protokol" (p. 109) in sy lewe speel.

Aansluitend hierby is hy ook dié karakter wat geassosieer word met 'n horlosie — die tysreguleerder van ons lewens. Sy bewustheid van en bemoeienis met die horlosie hou meer in as dat dit net 'n blote teken is van sy gebondenheid aan die gewone, chronologiese tydsverloop. Deur presies na te gaan wat die verhouding tussen die Ambassadeur en die horlosietyd is, verkry ons terselfdertyd 'n beknopte oorsig van die hele proses wat hom binne die Ambassadeur se lewe afgespeel het. Sy bewuswording van die horlosietyd (en waarvoor dit staan), sy opstand daarteen en die uiteinde van hierdie opstand, vorm in breë trekke 'n samevatting van hierdie tydperk in die Ambassadeur se lewe.

* Uittreksel uit my M.A.-verhandeling *Tyd in samewerking met ander struktuurelemente*, Departement Algemene Taal- en Literatuurwetenskap, PU vir CHO, 1982.

Ons eerste kennismaking met die Ambassadeur geskied juis met die tik van 'n horlosie in die agtergrond, wanneer Keyter 'n teregwysing van hom ontvang. Die tyd word hierby betrek as 'n soort strafmiddel, want Keyter moet wag. "Ek het die tydsame sirkel van die rooi sekondewyster teen die muur die hele tyd gevolg" (p. 30). Die Ambassadeur is dus heel van die begin af geplaas in 'n besondere tydsmilieu — een waarin die horlosie die toon (tik) aangee.

Die eerste suggestie van 'n moontlike opstand teen so 'n afgebakende lewe, vind mens na die tweede kort besoekie van Nicolette. Die beskrywing van die almanak (ook 'n indeler van die tyd in reëlmatige dele, soos die horlosie) onthul hierdie besef by hom van sy gevange wees in die tyd. "Hy tel die almanak op waarna sy vaneffe gekyk het, bestudeer afgetrokke die rye datums, dwars en regaf, waarmee elke dag se ervaring so afdoende opgesom en ingepas word in die konvensionele ketting van chronologie" (p. 77). Die Ambassadeur se bewuswording van die tyd se "ketting" hang saam met sy kennismaking met Nicolette.

In die tweede deel, *Kroniek*, oorheers die horlosie, met ander woorde die konvensionele nog. Selfs al slaap Nicolette in die huis (maar nie by hom nie), is hy nog bewus van die horlosieslae in die huis. "En so word die nag oud en jonk oor hulle, afgebaken deur die gedempte, deftige slae van die huishorlosie êrens onder in die groot gebou" (p. 101). In die ambassadeurswoning heers die horlosietyd, maar die domein waar dit nog sterker heers, is in sy amptelike lewe. Daar geld dit deurgaans: "die horlosie teen die muur oorkant die venster tik egalige sekondes af" (p. 105).

Naby aan die einde van deel 2 kom die Ambassadeur in opstand teen hierdie toestand. Op pad na Nicolette toe word hy al hoe meer daarvan oortuig dat om gevange te wees in die horlosietyd, gelykstaande daaraan is om jouself te onderwerp aan 'n lewenspatroon wat die lewe self versmoor. "Die patroon, die reëlmaat, die voorgeskrewe handelinge, protokol ... Heeltemal onbewoë dink hy: hy het eenvoudig opgehou met *voel*" (p. 109). Hy maak vervolgens 'n onderskeid tussen twee opponerende lewenswyses —

1. die persoon wat volgens 'n duidelike patroon lewe, soos hyself; en
2. dié wat patroonloos lewe, soos Nicolette.

Belangrik is dit dat daar nie net gepraat word van 'n dualistiese lewensbeskouing nie, maar dat die teks self ook hierdie sienings illustreer, en dan op twee wyses:

1. in direkte uitsprake oor die tyd se betekenis, byvoorbeeld dat dit 'n

"ketting van konvensionele chronologie" is (die Ambassadeur) teenoor "geen chronologie" (Nicolette) (p. 212),

2. en dan in 'n toepassing van die bogenoemde in die verskillende dele. (Vergelyk byvoorbeeld later die deel oor Nicolette (c.) wat deurgaans as 'n "stream of consiousness" gegee word, teenoor die duidelike chronologiese gang van die vertelling in die dele *Kroniek* en *Ambassadeur*).

Die derde gedeelte, *Ambassadeur*, is hoofsaaklik 'n weergawe van die nuwe beskouing van die Ambassadeur ten opsigte van die lewe (en die tyd). Sy vorige patroonmatige lewe, wat gekoppel was aan 'n reëlmatige horlosietyd, is nou vervang met 'n patroonlose lewe wat die horlosie verwerp. Nicolette as verteenwoordiger van laasgenoemde tyd, is ook sy gids op hierdie gebied.

Reeds in die heel eerste sin van die *Ambassadeur*-deel word die chronologiese tydsbeskouing as onvoldoende verwerp. Die uitspraak van "Hoe kan ek chronologies van haar praat as sy geen chronologie hét nie?" (p. 121), het hier wel betrekking op Nicolette se karakter, maar gee ook die toon aan vir die res van die gedeelte. Hy sê dan ook 'n paar bladsye verder dat 19 Desember "die laaste dag (was) dat chronologie saak gemaak het" (p. 136). Die daaropvolgende bladsye illustreer wel hierdie nuwe instelling. Soos hy dit op die eerste bladsy van hierdie gedeelte stel, word slegs 'n paar indrukke/herinneringe van sy verhouding met Nicolette gegee. "Herinneringe aan haar is nooit 'gedagtes' nie, maar sintuiglike ervarings" (p. 121). Hierdie bladsy en die volgende een bestaan net uit flardes tonele, wat sowel sterk sintuiglik gefundeer (vgl. die herhaling van die woorde "sien", "ruik", "proe", "voel") as losgemaak is van spesifieke tydsaanduidings of 'n besondere chronologie.

Sy rit terug ambassade toe nadat hy op Woensdag, 19 Desember, by Nicolette was, val op as gevolg van die herhaalde verwysings na die verskillende metro-stasies. Met ander woorde, sy tydsbelewing is hier gefundeer in 'n ruimtebelewing. Ironies genoeg gaan sy gedagtes te midde van hierdie reëlmatige afbakenings (tussen elke paragraaf word die stasienaam in hakies gegee) juis oor die versmorende effek van reëls en regulasies (p. 138). Ook op die volgende bladsy worstel hy met hierdie probleem, "hierdie vryheid wat ek het om goed én kwaad te doen; om binne óf buite my patroon verder te lewe; om te berus óf te rebelleer" (p. 139).

Daar is dus vir hom twee maniere van leef — die een wat gebonde is aan

die reël/patroon, en daarteenoor die persone wat hulle nie daaraan steur nie. Hierdie onderskeid formuleer hy op bladsy 140-141 as volg: "Nou weet ons wel van lewe; maar lewe nie. Of: lewe slegs in 'n vermoede-van-lewe. ... Al wat ek kan doen, is kies: ek kan lewe, of nie-lewe-nie."

Sy keuse maak hy wel: "Ek maak my een lewe se deur agter my toe en stap in die koue uit na die tweede: die lewe van strate en dinge en mense; 'n mens, 'n meisie, Nicolette" (p. 145). Die volle oorgawe van die Ambassadeur aan sy keuse, blyk duidelik uit hierdie beeld wat 'n bewustelike handeling (deur oopmaak) inhou. Met sy oorstap na 'n ander soort lewe (en tydsbeskouing), word die gewone gang van die tyd (die chronologiese tyd) vir hom vreemd. Dit wat so lank die familêre was, wat hom so lank gevange gehou het, word nou vir hom onwerklik. "Die vreemde — en soms amper die onmoontlike —is dat die 'gewone' bestaan deurgaans voortgaan" (p. 149).

In 'n vergelyking tussen deel 2 *(Kroniek)* en deel 3 *(Ambassadeur)* word die verskil wat daar ten opsigte van die tydsbeskouing ingetree het, geïllustreer in die verandering van aanbiedingswyse. In deel 3 is die Ambassadeur se gebondenheid aan die chronologiese of horlosietyd verbreek. In teenstelling met deel 2, wat wemel van tydsaanduidings, is hulle hier dun gesaai. Terselfdertyd het ook sy afhanklikheid aan die horlosie nou verval. In deel 3 kry ons net 'n enkele terloopse verwysing na horlosietyd op bladsy 145.

Deel 3 is hoofsaaklik 'n vertelling van die Ambassadeur se nuwe instelling tot die lewe — 'n instelling wat baie afhanklik is van sy verhouding met Nicolette. Hierdie nuwe lewensiening hou tegelykertyd 'n nuwe tydsbeskouing in. Die verwerping van die "patroon", die "ketting van chronologie", word nie alleenlik eksplisiet gesê nie, maar in deel 3 vind ons ook oorwegend "flardes herinneringe", waarvan die chronologie meestal nie gegee is nie en waar die gebeure ook nie altyd presies gedateer kan word nie.

Hierdie toedrag van sake is egter nie durend nie. Met die terugkoms van sy vrou en dogter van hulle Italiaanse vakansie af, verander die situasie weer eens. Saam met hulle terugkoms kry ons weer 'n subtiele terugkeer na juis daardie toestand waarvandaan hy so gepoog het om weg te kom. Nie alleenlik kry ons weer eksplisiete tydsaanduidings nie ("Sy het op die middag van 22 Februarie teruggekom" (p. 172)), maar ons kry ook die terugkeer van die onpersoonlike horlosieslag in sy lewe. "Die beleefde voorkamerhorlosie slaan halfeen" (p. 176). Met hierdie enkele slag weet ons dat daar teruggekeer is na die ou tydsbeskouing en -bedeling. Hierná word die chronologiese weergawe van die gebeure, wat 'n tyd lank verwaarloos is, weer opgeneem.

Sy verhouding met sy vrou is tot niet, maar ook vir sy verhouding met Nicolette is die skrif aan die muur. Die simboliese implikasie van die laaste paragraaf van deel 4: "die weer is aan die verander, het ek gedink. Nicolette was reg: die vroeë lente van Februarie is gewoonlik onbetroubaar. Die koue is aan die terugkom" (p. 200), is met ander woorde ook vir ons voorberei deur die terugkeer van die horlosietyd in sy lewe.

Met die beginsin en eerste bladsy van deel 5 is ons terug in die "patroon". Die sirkel is voltooi — soos wat 'n horlosie sy kringloop afloop. Let wel dat hy hier daadwerklik betrokke is by die horlosie: "toe het hy sy horlosie noukeurig reggestel volgens die een teen die muur" (p. 223). Met hierdie daad bewys die Ambassadeur sy bewuswording van, maar ook weer sy deelname aan hierdie "gewone" tyd. Ook die verwysing na die almanak is openbarend. "En hier sit hy in sy mooi stoel voor die lessenaar met die almanak wat nog steeds op Januarie se datumpatroon oopstaan; in die stil hart van alles wat in konsentriese sirkels om hom aan die gebeur is" (p. 228). Die feit dat die almanak nog by Januarie oop is, alhoewel dit nou al April is, geld weer eens as bewys van die veranderde tydsbeskouing waarbinne hy in daardie paar maande geleef het. Daardie paar maande lank is "gewone" of almanaktyd geïgnoreer. As dit nagegaan word, was sy verhouding met Nicolette juis daardie tyd op sy intensste. Maar nou is die Ambassadeur terug in "die stil hart van alles wat in konsentriese sirkels om hom aan die gebeur is", met ander woorde nou is hy weer midde in die horlosietyd.

Die gang van die Ambassadeur se lewe vertoon dieselfde sirkelgang as van 'n horlosie: eers 'n gevoel van gevange wees in die geroetineerdheid van 'n lewe wat bepaal word deur horlosietyd; 'n breek met hierdie tyd as hy Nicolette ontmoet en 'n oorgawe aan haar tyd — dié van 'n durende hede, maar ten slotte 'n terugkeer na die chronologiese slag van die horlosie.

Die rol wat die tyd by die Ambassadeur speel, is nie net beperk tot die kontras tussen 'n patroonmatige lewe (horlosietyd) en 'n patroonlose lewe (werklike tydsbelewing) nie. Die wisselwerking tussen die twee tydsvlakke, die hede en die verlede, omvat ook 'n groot gedeelte van sy tydsbelewenis. Die verteenwoordigers van hierdie twee tydsvlakke is natuurlik Gillian (verlede) en Nicolette (hede). Die wisselwerking tussen die verlede en die hede, die verwantskap tussen die twee meisies en die implikasies van hierdie verhouding (Gillian x Nicolette) sal vervolgens na gekyk word.

Reeds by sy eerste ontmoeting met Nicolette word die Ambassadeur herinner aan 'n persoon uit sy verlede, 'n herinnering wat hy eers nie kan plaas nie: "halfvergete herinneringe" (p. 63), "iets bly in hom náfluister, 'n ou herinnering wat hy net nie kan opspoor nie" (p. 67), totdat "hy met 'n skok 'n naam vind vir die vae, onrustige herinnering. Gillian" (p. 68).

Die besondere verwantskap wat daar tussen Nicolette en Gillian bestaan, val vroeg op. Selfs die eerste beskrywings van die twee stem baie ooreen. (Vgl. p. 62 x p. 68). Telkens roep die Ambassadeur se besoeke aan Nicolette weer sy verlede saam met Gillian op. (Vgl. pp. 59/62-67 x pp. 62/67-68; p. 80 x pp. 82-83).

Op bladsy 82 worstel die Ambassadeur met hierdie Nicolette-Gillian-verhouding: "Dit in sigself is egter geen rede waarom sy enigiets meer as 'n lastige herinnering hoef te wees nie ... Die enigste rede waarom sy sy gerekelde lewe enigsins kom versteur het, is omdat sy die herinnering aan Gillian teruggebring het. En dit sélf is gek. Gillian behoort tot die verlede". Ons sien dus dat Nicolette sy "verlede teruggebring" het, omdat hy deurgaans in haar teenwoordigheid herinner word aan Gillian. Ironies genoeg word die persoon wat sy verlede in die hede oproep, juis die persoon wat in die hede dieselfde plek inneem as dié wat Gillian in die verlede beklee het. Verdere verwysings na Gillian (soos opgeroep deur Nicolette) vind plaas op pp. 84, 101.

Die Ambassadeur kan hom nie losmaak van wat in die verlede gebeur het nie. Die persoon wat deurgaans hierdie verlede van hom oproep, is ironies genoeg 'n persoon wat haar duidelik slegs bemoei met die hede en leef in die gedurende nou daarvan. Die enigste keer wat Nicolette nie betrokke is by die oproep van Gillian nie, is by die heel laaste Gillian-herinnering in die werk. Die persoon wat hier die rol van oproeper oorgeneem het, is Keyter. Die rede word vir ons wel gegee — die gemene deler tussen Keyter en Gillian is dat albei as gevolg van selfmoord aan hulle einde kom.

Met hierdie laaste herinnering word die Ambassadeur gekonfronteer met dit wat hy lank onderdruk het, naamlik die dood van Gillian en sy aandeel daarin. Die belangrikheid van Nicolette vir sy verlede word nou duidelik. Alhoewel sy in en vir die hede leef, help sy hom tog tot erkenning en aanvaarding van die verlede. Ook op hierdie gebied, 'n gebied wat in die verlede afspeel, is sy vir hom 'n gids.

(b) Keyter

Keyter se tydsbeskouing kan beskryf word as logies en chronologies van aard. As bewys hiervan geld die verslag wat hy opgestel het — 'n verslag wat getuig van 'n noukeurige en feitelike houding ten opsigte van die werklikheid (die tyd ingesluit). Keyter het dus soos die Ambassadeur 'n "gewone", chronologiese instelling teenoor die tyd. Maar anders as die Ambassadeur word hy nie deur Nicolette beïnvloed om 'n ander tipe tyds-en werklikheidsbeskouing te ervaar nie.

In 'n verdere ooreenkoms met die Ambassadeur is dit so dat ook die verhouding verlede x hede by Keyter van besondere betekenis is. Alhoewel Keyter beweer dat hy vir die "hier en nou gaan lewe" (p. 29), kan hy nie wegkom van die verlede (en die toekoms) nie. Juis sy verlede en die invloed wat dit steeds op sy hede uitoefen, vorm die kernprobleem in Keyter se lewe. Soos E. Botha tereg daarop wys: "Hy wil byvoorbeeld nie oor sy jeug praat nie, volgens sy eie bekentenis, maar praat tog hoofsaaklik juis daaroor" (Cloete, 1980:384).

Die gebeure in sy jeug wat hom nou nog aantas, is eksplisiet gekoppel aan 'n bepaalde tyd. "Vandag kan ek daardie verlede waarskynlik rasionaliseer ... behalwe Sondagaande; hoe ek dit nooit kon verstaan nie, tot ek een Sondagaand gaan *kyk* het" (pp. 1-3). Keyter se bewuswording van die seksuele daad tussen man en vrou ervaar hy as jong seun op 'n traumatiese wyse, en juis omdat hierdie gebeure vir hom verbind word aan 'n spesifieke tyd, naamlik Sondagaande, word ook hierdie tyd vir hom aangetas. Hy kan met ander woorde nie wegkom van sy verlede nie, want die gewone chronologiese gang van die tyd in weeksdae herinner hom voortdurend daaraan.

'n Tweede verwysing na 'n Sondagaand in sy lewe, word op bladsy 5 en 6 gevind: "Aan die begin, twee jaar gelede toe ek hier aangekom het ... Dit was my eerste Sondag hier ... Maar toe, terwyl ek daar gestaan en ruk het, het ek — gek! — net één ding oor en oor gedink: *Dis Sondagaand. Dis weer Sondagaand. Parys, of Lydenburg: dis Sondagaand!*"

Vanaf die eerste na die tweede verwysing kry ons 'n sprong in die tyd en die ruimte — van 'n adolossent in Suid-Afrika na 'n volwasse man in Parys. Ook hier, nieteenstaande die verskil in ouderdom en plek, word 'n seksuele ervaring gekoppel aan die tyd van die Sondag.

Op bladsy 12-22 word 'n derde verwysing gevind, wanneer Keyter die eerste keer saam met Nicolette uitgaan. "Ek besef nou dat ek die hele tyd ... in 'n amper onhoudbare staat van angs en haat gesit het, asof ek elke oomblik 'n deur na rye Sondagaande voor my sien dreig het" (p. 18). Dus, ook saam met Nicolette kan Keyter nie sy verlede afskud nie. Sy roep dit selfs op. Die vrees vir die Sondagnag word intens wanneer Keyter besef dat daar 'n reeks van Sondagnagte op hom wag. In die tweede verwysing word die opeenvolging van Sondae vir ons gegee in die herhaling van die woord self, terwyl 'n beeld in die laaste een hierdie onvermydelike opeenvolging illustreer.

In teenstelling met die Ambassadeur, wat tot aanvaarding en berusting van

sy verlede gebring word, met die hulp van die hedemens Nicolette, kan Keyter nie vrede maak met sy verlede nie en lei dit ook tot die vernietiging van sy verhouding met Nicolette. Ook sy dood aan die einde dui die noue verbintenis met die verlede aan, want Keyter sterf aan sy eie hand, soos sy moeder. As bemvloedende krag oorheers die verlede die ander twee tye. Sy hede word gekenmerk deur die verslag — 'n verslag wat sy uiteindelike toekoms in die diplomatieke diens vernietig. Alhoewel Keyter bo wou uitkom en sy vader verkeerd wou bewys, is dit juis die siening van die verlede wat werklikheid word.

Keyter is by uitstek die karakter wat die spit afbyt teen die tyd. Sy stryd is in hoofsaak 'n stryd teen sy verlede. Anders as by die Ambassadeur waar die oproep van herinneringe (Gillian) hom help om die verlede te verwerk, is dit juis Keyter se herinneringe wat sy hede vergiftig en sy toekoms vernietig. Die geheue speel dus by albei mans 'n besondere tydsrol, maar vervul teenoorgestelde funksies.

Uit die hele bogenoemde gedeelte het reeds geblyk dat die verwantskap tussen die Ambassadeur en Keyter net so 'n noue is as dié tussen Nicolette en Gillian. Opsommend kan 'n paar ooreenkomste en verskille tussen die twee mans aangestip word:

(i) albei word oorheers deur die chronologiese tyd, en dit word bewys deur die onderskeie attribute wat met elkeen geassosieer word, naamlik, 'n horlosie (Ambassadeur) en 'n verslag (Keyter);

(ii) by albei neem die verlede 'n besondere plek in hulle lewens in: Gillian-herinneringe (Ambassadeur) en Sondagaande (Keyter);

(iii) by albei speel Nicolette 'n rol ten opsigte van hierdie verledes. By die Ambassadeur slaag sy verbintenis met Nicolette wel om hom tot aanvaarding van sy verlede te bring, terwyl Keyter ten opsigte van hierdie saak misluk. Dieselfde beeld, dié van 'n deur, dui hierdie onderskeid tussen die twee mans aan. Keyter: "Miskien het dit 'n soort deur oopgemaak tussen ons.' Sy het begin lag" (p. 16). Die Ambassadeur: "Sy het haar naam laat bly, en 'n indruk en 'n oop deur" (p. 18).

(c) Nicolette

Nicolette se tydsbeskouing staan lynreg teenoor dié van die Ambassadeur en Keyter. Sy verwerp die Ambassadeur se "gereglementeerde bestaan", maar sy het reeds vroeër ook Keyter se

gebondenheid aan die horlosietyd verwerp. Vir hulle eerste afspraak kom sy 35 minute laat, maar bied geen verskoning aan nie (p. 12).

Anders as Keyter en die Ambassadeur lééf Nicolette die tyd, eerder as wat sy beheer word deur die tyd. By haar word daar ook die meeste klem gelê op die sintuiglike ervaring van 'n gebeure, eerder as op die ordening van die gebeure in die tyd. As bewys hiervan geld amper die hele *Ambassadeurs*-deel, wat begin met 'n beskrywing van haar houding teenoor die tyd. "Hoe kan ek chronologies van haar praat as sy geen chronologie hét nie? Want sy is eenvoudig 'n soort onvoltooid teenwoordige tyd ... Herinneringe aan haar is nooit 'gedagtes' nie, maar sintuiglike ervarings" (p. 121).

Nicolette beleef die werklikheid nóú sonder om gebonde te wees aan haar verlede of die toekoms. Sy is die hedemens wat net bestaan in die "gedurende hede" (p. 171). Anders as by Keyter en die Ambassadeur waar die verlede dikwels hulle hede oorheers, speel Nicolette met haar verlede. Haar eerste "ontboeseming" aan Keyter oor haar verlede laat hom ten slotte ongemaklik wonder: "sit sy my en uitlag; speel sy met my — en wátter spel?" (p. 15). Later word dit duidelik dat sy meestal nie die waarheid vertel oor haar verlede nie ("soveel leuens" (p. 22)).

Juis hierdie spel met haar verlede, dui op haar ongebondenheid daaraan. Sy kan daarmee speel, want dit beheer nie haar lewe nie. "Algaande het ek inderdaad begin vermoed dat die hele 'ontboeseming' omtrent haar ongelukkige weeskind-jeug ook versinsel was. Soms het sy ander verhale in die plek daarvan vertel, ewe ernstig. Ek weet nou nog nie wat die waarheid is nie. Ek twyfel of sy juis van 'n verlede probeer 'wegvlug'. Waarskynlik maak dit vir haar net so bloedmin verskil of dit nou juis só was en nie súis nie, dat sy nie kan insien dat dit vir ander mense waarde mag hê nie" (pp. 22-223).

Nie net Keyter is onseker oor haar verlede nie, ook die Ambassadeur weet min van haar af. "Wat weet ek eintlik van haar? ... Sy is 'n mot wat verby 'n straaltjie lig speel: al wat van haar sigbaar is, is die kortstondige fladdering as die dun straal haar vang; telkens verdwyn sy eenvoudig in die donker — sonder dat mens ooit weet of sy weer sal verskyn" (p. 156).

Soos Keyter besef die Ambassadeur wel dat die verlede vir haar nie belangrik is nie — juis omdat dit verby is. "Hoekom? Omdat dit verlede tyd was, reeds — gelewe, bélewe, klaar geabsorbeer in haar, en dus vergeet?" (p. 166). Die één persoon wat ander se verledes oproep — by Keyter "rye Sondagaande" (p. 18) en by die Ambassadeur Gillian — is vry van haar eie en speel daarmee. Nie net Keyter en die Ambassadeur weet min van Nicolette se verlede nie, ook die leser word nie veel wys uit haar gedagtes,

soos gegee in deel 4, *Nicolette*, nie. Haar verlede bly oorwegend onbekend.

Maar ook haar toekoms is onduidelik. Ons weet, net soos die Ambassadeur, nie wat van haar word nie. Sy verdwyn eenvoudig. Dieselfde dubbelsinnigheid wat ons ten opsigte van haar verlede opgemerk het, geld hier. (Vgl. pp. 247-248).

Anders as die Ambassadeur en Keyter, wat elk sowel 'n verledetyds — as 'n toekomsbesef besit, is Nicolette die een wat losstaan van so 'n chronologiese indeling van die tydsverloop. Sy is die een waar die "oomblik kan duur" (p. 90) en wie se "hede nimmereindigend is" (p. 132).

As karakter bly Nicolette mistiek: ons weet net so min van haar af as Keyter en die Ambassadeur. En hulle albei vind haar nie net telkens onverstaanbaar nie, maar verstaan haar ook dikwels verkeerd (soos wat deel 4 aandui). Ten opsigte van haar karakter is deel 4 egter self nie van veel hulp nie. Soos J.P. Smuts ook aantoon: "Dié gedeelte slaag meer deur wat dit i.v.m. die handelingsverloop onthul as deur wat dit omtrent die Nicolette-karakter blootlê" (1975:64). Nicolette vertoon wel ook duidelike mitiese trekke, waarop C. Malan (1980:26) wys: "Sy is nie slegs 'n Beatrice (239) en 'n Ariadne nie; hy sien haar ook as die tragies-verraderlike minnaresse Heloïse en Francesca da Rimini (Dante sien lg. in die hel), en as Pasiphaë (122), 'bron van sondeval én redding' (249). Geen wonder dus dat sy in die laaste instansie onpeilbaar is nie — haar 'eie mite' (122), 'n misterie agter haar Salome-sluiers (139)". Die misterieuse aard van haar persoonlikheid word ook deur haar besondere tydsbelewing onderstreep — sy is 'n mens van die hede, wie se verlede en toekoms onbekend is.

BIBLIOGRAFIE

Gebruikte teks

BRINK, A.P. 1974. Die Ambassadeur. Kaapstad: Human en Rousseau.

Sekondêre bronne

CLOETE, T.T. *red.* 1980. Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig. Goodwood: Nasou Beperk.
MALAN, C. 1980. Die ambassadeur. Pretoria: Academica. Blokboek.
SMUTS, J.P. 1975. Karakterisering in die Afrikaanse roman. Kaapstad: HAUM.